Source: BURGER
Topic: 25
Date: 28-Jul-2006
Ref No: 3517
1
ID: 03369911-01
Source Page: 5

## US: 'Meriete belangrikste'

# 'Vergeet ras en geslag in soektog na nuwe rektor'

## *Botman 'waarskynlikste kandidaat'*

MICHELÉ O'CONNOR

**KAAPSTAD. – Die Universiteit Stellenbosch (US) moet in sy soektog na 'n nuwe rektor eerder op akademiese agtergrond fokus en van kleur, ras en geslag vergeet.**

Prof. Jonathan Jansen, dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit Pretoria (UP), het gister nadat sy naam as 'n moontlike kandidaat opgeduik het, aan *Die Burger* gesê ras, kleur en selfs geslag moet liefs nie 'n rol speel in die aanstelling van 'n nuwe rektor nie.

Jansen het bygevoeg die US is een van die land se beste universiteite en kleinlike politiek moet daarom uit die verkiesing van 'n nuwe rektor gehou word.

"Akademiese geloofwaardigheid moet 'n groter rol speel. Te veel universiteite het deesdae rektore wat uitmuntende bestuurders is, maar wat nie 'n sterk genoeg akademiese agtergrond het nie. Ek glo die US sal die net wyd gooi in sy soektog," het hy gesê.

"Prof. Russel Botman, viserektor vir onderrig aan die US, is waarskynlik die man om prof. Chris Brink op te volg. Hy is bekend met die US en sy probleme," het Jansen gesê.

'n Aanstelling op meriete is volgens George Weideman, skrywer en lid van die skrywergroep teen die US se T-opsie, die pad om te loop. " 'n Kandidaat uit die voorheen benadeelde groep is waarskynlik nou 'n goeie keuse, maar meriete bly die belangrikste oorweging."

Botman sal die goedkeuring van die Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) wegdra as hy aan die meriete vir die pos voldoen, het prof. Danie Goosen, voorsitter van dié organisasie, gesê.

"Die rektor van die US sal die kompleksiteit van die taligheidsituasie aan dié universiteit moet verstaan. Daarby moet die persoon besliste akademiese kwaliteite en bestuursvaardighede hê."

Mnr. Jannie Malan van Pretoria, 'n verteenwoordiger van Matie-Alumni, het gesê die US het nie nodig om 'n politieke boodskap met die aanstelling van 'n rektor uit te dra nie.

"Die nuwe rektor moet sy moue kan oprol en werk. Hy moet die US se uitnemendheid kan uitbou en tradisies en probleme verstaan. As daar iewers 'n kandidaat is uit die voorheen benadeelde groepe wat hieraan voldoen, is dit goed," het hy gesê.

Dr. Edna van Harte, waarnemende dekaan van die fakulteit krygskunde en vorige studentedekaan, het gesê sy voel gevlei dat haar naam as moontlike kandidaat genoem is, maar sien nie kans vir die pos nie.

"Ek het nog te veel om te doen in die pos waar ek nou is. Ek glo egter dit is dalk nou tyd vir 'n vrou om die leisels oor te neem," het sy gesê.

Van Harte het gesê die verskeie moontlike kandidate uit die bruin gemeenskap wat vroeër genoem is, is vir haar 'n riem onder die hart. "Dit is interessant. Dit wys daar is diepte in die land se bruin leierskap."

Volgens haar is die ander vroue wat genoem is – drr. Leila Patel van die Universiteit Johannesburg, Rachel Prinsloo van die Universiteit van Suid-Afrika en Yvonne Muthien van die Universiteit van Wes-Kaapland – almal sterk leiers en kundige akademici en bestuurders.

"Botman is egter sekerlik volgens my die waarskynlikste kandidaat om Brink volgende jaar op te volg," het sy gesê.